**Laat My lammers wei**

**Joh 21:15-25**

**17 Mei 2026**

1. Vantevore: Die dissipels vang baie vis by die See van Tiberias nadat die Here Jesus verskyn het – Hy sal ook die vis moet stuur wanneer die dissipels vissers van mense word. Die Here Jesus verstaan ook hulle behoeftes – daarom na 'n nag op see voorsien Hy liefdevol ontbyt
2. Die voorbereiding van Petrus vir sy rol as apostel (Joh 21:15-19)
    a. Agtergrond: Petrus het dikwels vol bravade in die teenwoordigheid van die dissipels opgetree (bv Joh 13:8, 37, 18:10). Maar hy het ook die Here Jesus verloën. Is hy nou gediskwalifiseer as dissipel?
    b. Eerste rondte (v15)
        i. Simon – Petrus se naam voor sy roeping as dissipel (vgl Joh 1:42, Luk 5:10)
        ii. "Het jy My baie lief, meer as hulle?" – liewer as wat die dissipels Hom het?
        iii. "Ja, Here, U weet dat ek U lief het" – Petrus is self oortuig, en roep die Here Jesus as Getuie vir sy liefde vir Hom
        iv. "Laat My lammers wei" – Die Here Jesus bevestig Petrus se liefde, bevestig Petrus is nie gediskwalifiseer nie, hy moet die lammers laat wei
    c. Tweede rondte (v16)
        i. Die Here Jesus laat net weg "meer as hulle" – nou op absolute skaal
    d. Derde rondte (v17)
        i. Petrus is bedroef – $3^{de}$ keer herinner hy het die Here Jesus drie keer verloën
        ii. Die Here Jesus weet alles, insluitend Petrus se verloëning en liefde
    e. Twee Griekse woorde vir "liefhê": agapao en fileo
        i. Word deur Johannes as sinonieme gebruik vir die liefde tussen die Vader en die Seun (Joh 3:35, 5:20), en die Here Jesus se liefde vir Lasarus (Joh 11)
    f. Sondeloosheid is nie voorvereiste vir diensbaarheid in die koninkryk nie, liefde is wel
    g. Die Here Jesus het Petrus ingelig hy kan verwag om gekruisig te word (v18-19, vgl Joh 13:36-38) – nogtans het Petrus die kudde dekades lank getrou opgepas. Hy het die doel van lyding verstaan (vgl 1 Pet 4:12-16)
    h. Petrus was goed voorberei vir sy rol as apostel: regte geaardheid en ervarings en beproefde liefde vir die Here Jesus (insluitend sy verloëning en die gevolge daarvan)
3. Die rol van Johannes vir sy rol as apostel (Joh 21:20-23)
    a. Petrus wil weet wat vir Johannes voorlê (v20-21)
    b. Die Here Jesus antwoord dit is nie Petrus se besigheid nie (v22)
    c. Die Here Jesus het nie gesê dat Johannes nie sal sterf nie (v23)
    d. Johannes se voorbereiding: hy was denker wat dikwels eerste verstaan het
    e. Johannes se rol: Aanvanklik minder prominent. Na dood van Petrus en ander apostels, as vals leringe na vore kom, begin Johannes optree: skryf Johannes-evangelie, sy briewe en Openbaring – want hy het goed verstaan
4. Die dinge wat die Here Jesus gedoen het (Joh 21:24-25)
    a. Skrywer van Johannes-evangelie = dissipel vir wie Jesus lief was = Johannes (v24)
    b. "Ons" – Johannes self (vgl Joh 20:2) of ouderlinge in Efese? (v24)
    c. Wêreld is te klein om al die boekrolle te bevat as alles neergeskryf is:
        i. Ander insidente tydens openbare optrede, voor openbare optrede, skeppingsgebeure, ewigheid voor die skepping, detail van wêreldgeskiedenis
        ii. Tog ken Hy Sy skape op hulle naam